Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 2, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOEKBESPREKING

– Kol (dr) Jan Ploeger*

**Arthur Davey (ed), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers*. Van Riebeeck Society, Cape Town, 1987.**

In 1977 het prof. dr. S.B. Spies in sy *Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in The Boer Republics January 1900–May 1902* (Cape Town – Pretoria) verwys na die oortreding van oorlogsgebruike deur 'n viertal offisiere van 'n ongereëlde Britse eenheid, die *Bushveldt Carbineers* (BVC) teenoor Boere wat oorgegee het en die sendeling Daniël Heese, van Makapaanspoort. Dit was die enigste voorval van sy soort in die Britse geledere.

As gevolg van hulle oortredings het lt. Henry Harbord Morant, lt. P.J. Handcock en G.R. Witton (Australiërs) en die Brit lt. H. Picton in Januarie en Februarie 1902 voor die krygshof verskyn. Die drie eersgenoemdes is skuldig bevind aan moord. Morant en Handcock is op 27.2.1902 op Pretoria tereggestel, Witton is lewenslange tronkstraf opgelê, terwyl Picton skuldig bevind is aan strafbare manslag en afgedank is (p.276).

Dit is kortliks die onderwerp van bespreking deur prof. Davey wat nadruk lê op die feit dat dit verkeerd is om die voorval as 'n alleenstaande gebeurtenis te beskou. Dit moet binne die raamwerk van die militêre en politieke geskiedenis van die oorlog in Suid-Afrika gesien word. Dan is die BVC-saak van mindere betekenis. Aangesien die drie vernaamste veroordeeldes Australiërs was, is die belang van die gebeurtenis nie alleen deur die Australiese sentiment vergroot nie, maar ook verdraai en uit verband geruk. Dit was een van die vernaamste beweegredes van prof. Davey om die hele aangeleentheid onpartydig na te gaan en die feite aan die leser voor te lê.

* * * *

Die *Bushveldt Carbineer* of BVC-saak vind sy ontstaan in die geledere van 'n ongereëlde Britse eenheid wat aan die begin van 1901 ontstaan het te Pretoria. Die doel was om 'n gedeelte van Noord-Transvaal (Waterberg, Soutpansberg) te onderwerp en om sporadiese guerrilla-bedrywighede doeltreffend teen te gaan. In verband met die stigting van die BVC het die Britse Militêre Inligtingsdiens (Pretoria) die voortou geneem. Die stigtingsdatum was 21.2.1901 en maj. R.W. Lenehan, 'n Australiër, is as bevelvoerder benoem.

Die werwing van die berede korps, waarvan die lede spesiale dienste verrig het, vgl. *1 en 2 Kitchener's Fighting Scouts*, *Steanaecker's Horse* e.a.), het in Pretoria, Kaapstad, Durban en Oos-Londen plaasgevind. Op 'n sekere tydstip was daar 43 Australiërs uit 'n totaal van 105 oorspronklike lede. Onder die lede was ook 'n aantal burgers wat oorgegee het (*National Scouts*) en mense wat inligtingswerk verrig het, sowel as 'n viertal Nieu-Seelandse drosters. Die eenheid was vindingryk, uitermate beweeglik en strydvaardig en is op 1.12.1901 tot die *Pietersburg Light Horse* herdoop. Lede het o.m. 'n sogenaamde "opdrag" van lord Kitchener uitgevoer nl. dat niemand lewendig gevange geneem word nie. 'n Klein groepie offisiere het, in stryd met alle voorskrifte, gevangenes e.a. doodgeskiet. Só het 'n agttal Boere hulle lewens by die Elimhospitaal verloor.

Aan die begin van Oktober 1901 het kapt. F.R. de Bertodano ondersoek na aanleiding van gerugte begin instel en kort daarna het 15 onderoffisiere en manskappe van die BVC op Pietersburg 'n verklaring i.v.m. gepleegde onreëlmatighede en moorde afgelê. Maj. Lenehan, lte. Morant, Handcock, Witton, kapt. Taylor e.a. is gevange geneem en ondersoek is ingestel. Die hofsaak het daarop uitgeloop dat lte. Handcock en Morant tot die vuurpeloton gevonnis is. Lt. Witton se lewenslange tronkstraf het geëindig met sy vrylating in 1904. Lt. Picton is ontslaan, maj. Lenehan is terug na Australië, terwyl kapt. Taylor vrygespreek is.

* * * *

In 1907 het lt. Witton se *Scapegoats of the Empire* verskyn (tweede uitgawe 1982). In hierdie boek is lte. Morant en Handcock as martelaars en slagoffers geskets. Op dié wyse het die gedeeltelike betroubare relaas tot die legendevorming bygedra. Vervolgens het A.J. Buchanan se *Henry Mordaunt* (Morant) novelle *Where Day Begins* en C.S. Jarvis se *Half a Life* (1943) die lig gesien. Besonder romanties is F.M. Cut-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 2, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

lack se *Morant: A Horseman who made History* wat in (1962) verskyn het. M. Carnegie en F. Shields was verantwoordelik vir *In Search of Breaker Morant Balladist and Bushveldt Carbineer* (1979) in Australië. Die sterk mitologiese inslag is in Kit Denton se *The Breaker* (1973, 1980) verder versterk. Die Australiese rolprent *Breaker Morant* (1980) is as "a gripping drama" beskryf. In 1983 het die romantiese *Closed File* ban Kit Denton gevolg.

In Suid-Afrika het Hedley Chilvers 'n hoofstuk in *The Yellow Man Looks On* (1933), verdigsel, aan die genoemde onderwerp gewy. Bekend is ook *Oos van Dornrivier*, van D. Möller-Malan. In 1977 volg 'n feitlike verhaal in S.B. Spies se *Method of Barbarism*, terwyl dr. C.A.R. Schulenburg in 1981 'n waarheidsgetroue artikel oor die onderwerp geskryf het.

Daar is dus, in die historiografie, 'n mengsel van verdigsels en feite, wat òf sterk na die een òf in die ander rigting oorhel. In sy kommentaar het die skrywer hom allereers ten doel gestel om die belangstellende leser 'n waarheidsgetroue beeld te verstrek wat op feite gegrondves is. Hier is dus sprake van 'n doelbewuste poging om die bestaande legendevorming uit te wis en die voorval tot sy ware afmetings terug te bring.

* * * *

Watter werkwyse het prof. Davey gevolg? Hy het die geskiedenis van die BVC geskets (pp. xvii–xxii), nadruk gelê op die tendense van latere beskrywings van die BVC-saak (pp. xxiii–xxix), die dissipline in die Britse leër geskets (pp. xxx–xxxii) die leser 'n beeld van lord Kitchener en sy staf gegee (pp. xxxiii–xxxvii) en vervolgens 'n waardevolle beskouing oor oorlogsgebruike aan die leser voorgelê (pp. xxxvii–xxxiv). Verder is aantekeninge oor Boerekrygsgevangenes (pp. xl–xli), sowel as uitvoeriger gegewens oor kapt. P.F. Hunt, kapt. J.H. Robertson en kapt. Alfred Taylor, sowel as lt.-kol. F.H. Hall, R.A. (pp. xli–li) gepubliseer. Belangrik is verder die aantekeninge i.v.m. die optrede van kapt. F.R. de Bertedano en ander om die skuldiges vas te trek (pp. li–lv) en die eerste Britse reaksies op die teregstellings in Engeland (pp. lv–lvi). Ten slotte word die leser ingelei in die distrik Soutpansberg en sy bevolking omstreeks 1890–1900 (pp. lvi–lxii) en die omstandighede waaronder die verslae van die krygsraad in 1940 tydens 'n Duitse bombardement (9.9.1940) verlore gegaan het (pp. lxii–lxv).

Daarna volg 'n groot aantal toeligtende stukke wat met die grootse sorg opgespoor is. Daar is briewe van sers. Frank Eland oor operasies e.d.m, gegewens oor eerw. C.A.D. Heese, 'n verslag van dr. Liengme (hospitaal, Elim) en die gedenkskrifte van H.R. Mingard. Van besondere belang is kapt. Frederick Rovmon de Bentedano (1871–1955) se gedenkskrif van 1953. Hy het veel, dalk die meeste, geweet en sy aantekeninge is opgeneem in die Nasionale Argief (Zimbabwe). Ook Naturellekommissaris F. Enracht. Mooney, wat as inligtingsbeampte in Spelonken opgetree het, het aantekeninge e.d.m. nagelaat en het o.m. die Minister van Naturellesake, sir Godfry/Lagden, oor die optrede van die BVC ingelig. Die stukke waaroor die hof van ondersoek beskik het (p. 74 e.v.) is van die grootste belang. Dit geld ook ten opsigte van besonderhede oor die krygsrade en parlementêre debatte (Australië, Engeland).

Ons vestig nogmaals die aandag op die memorandum van die 15 onderoffisiere en manskappe aan kol. F.H. Hall, R.A. waarin o.m. die volgende voorkom:

> "Sir, many of us are Australians who have fought throughout nearly the whole war while others are Africanders who have also fought from Colenso till now. We cannot return home with the stigma of these crimes attached to our names."

* * * *

Dit is 'n paar belangrike aspekte van 'n boek wat die belangstelling en aandag geniet van almal wat meer wil weet van hierdie voorval uit die Anglo-Boereoorlog. Dit is 'n voorval wat van die legendestadium, deur 'n bekwame navorser na die werklikheid teruggebring is. Die onopgesmukte verhaal verdien die aandag van almal wat die waarheid lief het.

* Kol (dr) Jan Ploeger (afgetree)